

Verminder ongelykheid om sosiale geregtigheid te bevorder

Chris Jones*

Wêrelddag vir Sosiale Geregtigheid vind jaarliks op 20 Februarie plaas. Vanjaar se tema is “Closing the Inequalities Gap to Achieve Social Justice”, want volgens die Verenigde Nasies (VN) leef een uit elke vyf werkers steeds in matige of erge armoede, het baie werkers met stagnante lone te kampe, duur geslagsongelykheid voort en vind mense nie baat by ekonomiese groei nie. Die VN noem verder dat ongelykhede sosiale kohesie verswak, wat dit vir mense feitlik onmoontlik maak om hul volle potensiaal te bereik. Dit het tyd geword om ongelykhede wêreldwyd te verminder, veral in Afrika waar vier van die wêreld se vyf ongelykste lande geleë is. Dit bly ’n ernstige bedreiging vir toekomstige stabiliteit.

Hoewel hierdie artikel nie oor werkloosheid en die gepaardgaande onsekerhede as sulks handel nie, moet dit ongetwyfeld in berekening gebring word wanneer ’n mens oor ongelykheid besin. In die lig hiervan wil ek verwys na die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) se bewering dat indiensneming sedert 2008 gemiddeld 0,1% per jaar gegroei het, in vergelyke met 0,9% tussen 2000 en 2007. Meer as 60 persent van alle werkers beskik nie oor ’n indiensnemingskontrak nie en minder as 45 persent van loon- en salariswerkers is permanent aangestel. Selfs hierdie aandeel toon ’n daling. Teen 2019 was daar 212 miljoen mense sonder werk, wat meer is as die 201 miljoen mense in vorige jare. Teen 2030 sal 600 miljoen nuwe werksgeleenthede geskep moet word om net te kan tred hou met die werkende ouderdom-bevolkingsgroei.

Volgens die Multidimensionele Armoede-indeks van die VN se Ontwikkelingsprogram, leef 1,5 miljard mense – ’n derde van die totale bevolking van die 91 lande wat deur die indeks gedek word – in multidimensionele armoede en nog sowat 800 miljoen mense is hoog vatbaar daarvoor. Meer as 80% van die wêreldbevolking het ’n gebrek aan maatskaplike beskerming.

Maar die situasie is nie heeltemal wanhopig nie. Volgens The Millennium Project (TMP) – ’n wêreldwye deelnemingsdinkskrum – het uiterste armoede van 51% in 1981 tot 13% in 2012 gedaal en is dit nou minder as 10%. Dit is grootliks aan inkomstegroei in China en Indië te danke.

TMP wys ook op statistieke van die Wêreldbank wat toon dat die hoeveelheid mense in die wêreld wat op minder as \$1,9 per dag oorleef, van sowat 44% (1,99 miljard mense) in 1981 tot 35% (1,85 miljard mense) in 1990, tot 12,4% (sowat 891 miljoen mense) in 2012 en tot 10,7% (767 miljoen mense) in 2013 gedaal het. Die hoeveelheid mense in die ontwikkelende wêreld wat op minder as \$3,1 per dag oorleef, het van 2,9 miljard in 1990 tot 2,1 miljard in 2012 gedaal. Hou in gedagte dat die bevolkingsgetalle in ontwikkelende lande van 4,4 miljard tot meer as 6 miljard in hierdie tydperk toegeneem het.

Die IAO berig ook dat die aantal werkende armes wêreldwyd afgeneem het. Die aantal werkers wat op minder as \$1,9 per dag oorleef, het vanaf die vroeë 2000’s tot 2015 van 33,2 persent gedaal tot 12 persent, terwyl die aantal werkers wat op minder as \$3,1 per dag oorleef van 57,3% tot 27,9% afgeneem het in die ooreenstemmende tydperk. Die IAO skat ook dat die persentasie werkers wat in uiterste armoede leef, teen die einde van vanjaar tot sowat 7% sal daal.

Met dit gesê, is dit uiters belangrik om daarop te let dat die konsentrasie van rykdom volgens TMP besig is om teen so ’n pas toe te neem dat slegs agt miljardêrs se inkomste gelykstaande is aan wat 3,6 miljard mense – die armer helfte van die samelewing – verdien. Hulle wys ook verder daarop dat inkomstegapings besig is om te vergroot, ekonomiese groei sonder werke duur voort, opbrengs op beleggings in kapitaal en tegnologie is groter as dié op arbeid, en toekomstige tegnologieë kan baie

menslike arbeid vervang. Daarom lyk dit of strukturele werkloosheid op die lange duur onvermydelik gaan wees tensy nuwe benaderings tot ekonomie en die aard van werk ontwikkel word.

Terwyl die gaping tussen ryk en arm mense groter word, sal die gaping tussen volke na verwagting kleiner word. Volgens TMP groei ontluikende markte en ontwikkelende ekonomieë teen 4–5% per jaar, terwyl die ontwikkelde lande teen sowat 2% groei. Terwyl die bevolking teen sowat 1,1% groei, groei wêreldwye inkomste per capita jaarliks teen omtrent 2,4%.

TMP stel 'n paar aksiestappe voor om die wêreldwye uitdaging oor hoe etiese markeconomieë aangemoedig kan word om die gaping tussen ryk en arm te verminder, aan te spreek. Dit sluit onder meer die volgende in: die verhoging van minimumlone en die aanspreek van uitvoerende salarisse; teenwerking van verskanste voorregte; ernstige oorweging van nuwe, progressiewe gelykmakende instrumente soos welvaartbelasting; belas nuwe tegnologieë om nuwe inkomste aan maatskaplike ondersteuningstelsels te verskaf; skep belastingstelsels wat verseker dat groot ondernemings en welgestelde individue hul regmatige deel betaal; ondersoek wêreldwye werksmagwerwingsoplossings wat immigrasie- en migrasiehindernisse oorkom om opgeleide werkers in staat te stel om te gaan na waar hulle in die behoefte aan geskoolde arbeid kan voorsien; uitbreiding van mikro-krediet en kleinsakekredietstelsels en sake-opleiding; en die positiewe ontginning van die wêreldwye middelklas wat teen 2030 met 66% gaan groei – sowat 3 miljard meer verbruikers met verhoogde koopkrag en verwagtinge.

Die Algemene Vergadering van die VN erken, onder meer, dat globalisering en interafhanklikheid nuwe geleenthede deur handel, belegging en kapitaalvloei, en tegnologiese vooruitgang skep vir die groei van die wêreld ekonomie en ontwikkeling en verbetering van lewenstandaarde regoor die wêreld.

Terselfdertyd is daar steeds ernstige uitdagings, insluitende erge finansiële krisisse, onveiligheid, armoede, uitsluiting en ongelykheid binne en tussen samelewings. Ontwikkelende lande, sowel as lande met oorgangseconomieë, staan ook geweldige hindernisse in die gesig om integrasie en volle deelname aan die wêreld ekonomie te bevorder. Indien ons hierdie en ander verwante uitdagings suksesvol kan aanspreek, sal ons 'n stap nader daaraan beweeg om gelykheid en sosiale geregtigheid 'n werklikheid vir die miljoene wat steeds daarna smag, te maak.

****Dr Chris Jones staan aan die hoof van die Eenheid vir Morele Leierskap by die Universiteit Stellenbosch.***